N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 32

7 Augustus 2022

Die Geheim om God se Innige Liefde te ervaar

Die beloning van dié wat voor Hom buig

Jesus sê: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe…Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word." Is dit nie geweldig nie? Weet jy wie God is en hoe Hy optree teenoor die mense wat voor Hom gebuig het? Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."

Die wat rein van hart is, sal God sien

Wat my opval van "salig is hulle wat rein van hart is, want hulle sal God sien", is dat Jesus hierdie woorde rig aan Jode van 2000 jaar gelede. Dit moes vir hulle 'n skokkende stelling gewees het, want die Jode het geweet: Niemand kon God sien sonder om te sterwe nie! Kyk bv na Gideon in Rigters 6. Hy kry hond se gedagtes dat dit God is wat nou aan hom verskyn het en is bevrees dat hy gaan sterf, wetende dat niemand kan God sien en bly leef nie. God moet Hom eers gerusstel: "Wees gerus! Moenie bang wees nie! Jy sal nie sterf nie!" Rigters 6:23. Johannes skryf: " Niemand het God ooit gesien nie" Joh 1:18. Jesus kom egter en sê dat die wat rein van hart is, God sal sien. Dit is skokkend om te hoor,maar wanneer dit insink, besef jy watter voorreg dit is.

Die plek van gebrokenheid

As mens jouself toelaat om Matt 5 rustig te lees en te begryp wat Jesus sê, verstaan jy ook hoe verwaand dit vir iemand is om aanspraak te maak op die intimiteit van God terwyl hy weier om sy hart voor God te buig. Maar wanneer jy sonder slim stories by die plek uitgekom het waar jy gestroop en geboë voor God staan, is dit die plek waar jy die heerlikheid, innigheid en krag van God belewe – hoewel dit in teenstelling vir die natuurlike en die vleeslike mens die plek van absolute verskrikking is. Dit is al waarheen die Heilige Gees jou wil lei, na 'n plek van gebrokenheid, maar van ontsaglike innigheid.

Die plek van innigheid

Laat toe dat die Heilige Gees jou neem. Kom by daardie plek uit, Hy wil jou hand vat. Jy kan Hom vertrou. Hy is die Gees van God se heiligheid. Hy wil jou neem na die plek van innigheid.

Jesus se bediening

Jesus sê vir die Jode dat Sy bediening van so 'n aard is dat hulle God sal kan sien sonder dat dit verby sal wees met hulle. Die bediening en innigheid van God, bewerk deur die Seun se reinheid in my lewe; om voor God te staan en Hom te kan beleef: persoonlik, intiem en innig sonder die vrees van die verwoesting wat normaalweg daarmee gepaard sou gaan. Hy verwyder die onreinheid en ongeregtigheid in my lewe. Dit kon nog nooit voorheen gebeur nie. Geen offer, ongeag hoe groot of hoe klein, kon mense ooit reinig nie, maar Jesus doen dit. – Riekert Botha

Dankie!

- **Dat ons voor God kan staan en Hom kan beleef – persoonlik, intiem en innig agv wat Jesus aan die kruis vir ons kom doen en kom gee het!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Johan en Belinda Kotzé – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – vir nabyheid van die Here.
- Suzelle Barkhuizen – vir volle herstel en genesing.
- Marga Holzhausen – vir volle genesing.
- Annika Killian –vir genesing en herstel.
- Lilian van Zyl - vir genesing en herstel.
- David Huxham se pa – vir nabyheid van die Here.
- Elli van Rensburg – vir genesing.
- Oom Hannes Stolz – vir genesing en herstel.
- Sanet Brits – vir genesing en herstel.
- Susan van Zyl – vir genesing en herstel.
- Enid Kriger – vir spoedige herstel.
- Wimpie en Heloïse – vir volle herstel
- Martie van Staden – vir spoedige herstel na rugoperasie.
- Juan Strijdom – vir spoedige herstel na operasie.

Ons innige meegevoel met Amerie Storm met die afsterwe van haar broer.

Gedagte vir die week

Die liefde…hou nie boek van die kwaad nie.
1 Kor 13:4-5

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org